PATIENT INFORMATION LEAFLET

# AGIOLAX®

**Read all of this leaflet carefully because it contains important information for you**
**Agiolax®** is available without a doctor's prescription, for you to treat a mild illness.
Nevertheless you still need to use **Agiolax®** carefully to get the best results from it.
- Keep this leaflet. You may need to read it again
- Ask your pharmacist if you need more information or advice
- You must see a doctor if your symptoms worsen or do not improve after 7 days.

**SCHEDULING STATUS** S0

**PROPRIETARY NAME AND DOSAGE FORM**
**AGIOLAX®** (granules)

**WHAT AGIOLAX® CONTAINS**
The active substances in 5 g of the granules are:

| | |
|---|---|
| Plantago ovata seeds | 2,60 g |
| Ispaghula husks | 0,11 g |
| Tinnevelly senna pods | 0,34 - 0,66 g (corresponds to 15 mg sennoside B) |

The other ingredients are:
Talc, acacia, ferric oxides, paraffin, aromatics
Contains sugar: sucrose (approx. 1,05 g equivalent to 0,09 bread units).

**WHAT AGIOLAX® IS USED FOR**
**Agiolax®** is for the relief of constipation.

**BEFORE YOU TAKE AGIOLAX®**
**Do not take Agiolax®:**
- If you are hypersensitive (allergic) to any of the ingredients
- If you have an abnormal narrowing in the stomach and intestines and if you have difficulty in swallowing or have throat problems
- If you are experiencing any stomach problems.

**Take special care with Agiolax® :**
- If you are experiencing stomach pain, nausea or vomiting
- If you have an abnormal narrowing in the stomach and intestines and if you have difficulty in swallowing or have throat problems
- If you experience a change in bowel habit that has lasted more than two weeks
- If you are a diabetic
- If you have rectal bleeding after using **Agiolax®**
- If you are unable to have a bowel movement after using **Agiolax®**
- If you are suffering from severe water and electrolyte losses.

Any intake of stimulant laxatives for long periods may make bowel sluggishness worse; **Agiolax®** should be used only if no effective treatment can be achieved by changing the diet or by using high bulk preparations.

**Pregnancy and breastfeeding:**
During the first three months of pregnancy, **Agiolax®** should be used only if constipation cannot be remedied by a change in diet or with the aid of bulking agents. Therefore, it should only be used after consultation with a healthcare professional.
*Note:* Breakdown products of senna pods have a laxative action and pass in small amounts into the maternal milk.

**Taking other medicines with Agiolax®:**
In cases of long-term use or over dosage, a deficiency of potassium may affect the action of medicines that are taken for heart problems. Potassium loss may be worsened by combining with certain medicines, such as those that increase urine output, cortisone and cortisone-like substances and liquorice root.
Intestinal absorption of other medicines, taken at the same time, may be decreased or slowed down.
In insulin-dependent diabetics it may be necessary to reduce the insulin dose.

**HOW TO USE AGIOLAX®**
The granules should be swallowed with a full glass of water. The granules should not be chewed or dissolved, but swallowed whole.

**Important information about some of the ingredients of Agiolax®:**
If you have been told by your doctor that you have an intolerance to some sugars, contact your doctor before taking **Agiolax®**.
**Agiolax®** contains sucrose which may have an effect on the control of your blood sugar if you have diabetes mellitus.

**Note for diabetics:** 5 g of **Agiolax®** contains approximately 1,05 g sucrose.

**How much and how often should you take Agiolax®?**
Take 5 to 10 g of **Agiolax®** (approximately one to two heaped medicine measures) after the evening meal (at least one hour before bedtime). If required, 5 g of **Agiolax®** (approximately one heaped medicine measure) may also be taken in the morning before breakfast.

**How long should you go on taking Agiolax®?**
Stimulant laxatives must not be taken for long periods (more than 1 - 2 weeks) without medical advice.

**If you take more Agiolax® than you should:**
In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison control center.
In the event of overdosage, you may experience painful intestinal cramps and severe diarrhoea with subsequent losses of water and minerals. If you have taken an overdose, please consult your healthcare professional immediately. He/she will decide what countermeasures (e.g. administration of fluid and salts) may be necessary.

**POSSIBLE SIDE EFFECTS**
**Agiolax®** should be taken with plenty of water to prevent a blockage from forming in the intestines and bowel. An excess amount of gas in the stomach and a feeling of fullness or bloatedness may occur. Mild pains as a result of colic or cramps are sometimes felt. The urine may become dark yellow in colour.
Patients with inflammatory bowel disease must only use **Agiolax®** under the care of a healthcare professional.
In cases of long-term use, diarrhoea may occur with a possible large loss of water and electrolytes, especially potassium.
Sometimes there may be over-sensitivity to Plantago ovata.
Not all side effects reported for **Agiolax®** are included in this leaflet. Should your general health worsen while taking **Agiolax®**, please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice.

**STORING AND DISPOSING OF AGIOLAX®**
**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN**
Do not use this medicine after the expiry date printed on the container. Do not share medicines prescribed for you with others. Store at or below 25 °C. Keep container tightly closed.

**Disposing of this medicine:**
Return all unused medicine to your pharmacist.

**PRESENTATION OF AGIOLAX®**
Containers of 100 g, 250 g, 400 g and 1000 g and packs of 4 x 10 g or 30 x 10 g sachets.

**IDENTIFICATION OF AGIOLAX®**
Small-grained, medium brown granules with an aromatic odour.

**REGISTRATION NUMBER**
E/11.5/0988

**NAME AND ADDRESS OF REGISTRATION HOLDER**
**XIXIA PHARMACEUTICALS (PTY) LTD**
4 Brewery Street, Isando, Kempton Park, 1600
Republic of South Africa

**DATE OF PUBLICATION**
02 March 2012

Namibia Reg. No.: 90/11.5/00508

The granules should not be chewed or dissolved, but should be swallowed whole with plenty of liquid.

Mylan
www.mylansa.co.za

PROFESSIONAL INFORMATION AGIOLAX®

# AGIOLAX®

**SCHEDULING STATUS** S0

**PROPRIETARY NAME AND DOSAGE FORM**
**AGIOLAX®** (granules)

**COMPOSITION**
5 g of granules contains

| | |
|---|---|
| Seeds of Plantago ovata | 2,60 g |
| Ispaghula husk | 0,11 g |
| Tinnevelly senna pods | 0,34 - 0,66 g (corresponds to 15 mg sennoside B) |

Inactive ingredients include: Talc, acacia, ferric oxides, paraffin, aromatics
Contains sugar: sucrose (approx. 1,05 g equivalent to 0,09 bread units).
**5 g granules = 7 ml = approximately 1 heaped medicine measure**

**PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION**
A 11.5 Laxatives

**PHARMACOLOGICAL ACTION**
A characteristic of **Agiolax®** is that its mode of action includes both bulk-forming properties and a stimulant effect. The bulk forming properties of Plantago ovata and Ispaghula husk increase the mass and water content of the stool, thereby accelerating colonic transit. The stimulant effect of Senna acts on the intestinal wall to increase the peristaltic movements of the colon.

**INDICATIONS**
For relief of constipation.

**CONTRAINDICATIONS**
Hypersensitivity to the ingredients. Intestinal obstruction, or conditions likely to lead to intestinal obstruction. Undiagnosed abdominal symptoms.

**WARNINGS**
**Agiolax®** should not be used if there is abdominal pain, nausea or vomiting.
Laxatives should not be taken by patients with intestinal obstruction or with undiagnosed abdominal symptoms.
If a change in bowel habit occurs and persists for more than two weeks, a medical practitioner should be consulted to determine the cause.
Rectal bleeding or inability to have a bowel movement after the use of a laxative may indicate a serious condition. Discontinue use and consult a medical practitioner.
Inadequate fluid intake may cause obstruction of the bowel.
**Agiolax®** should not be used for a period longer than one week, unless directed by a medical practitioner. Frequent or prolonged use of laxatives, including **Agiolax®**, may result in loss of normal bowel function and dependence.
Contains sucrose. Patients with rare hereditary conditions such as fructose intolerance, glucose-galactose mal-absorption or sucraseisomaltase insufficiency should not take **Agiolax®**. Contains sucrose which may have an effect on the glycaemic control of patients with diabetes mellitus.

**INTERACTIONS**
In cases of chronic use/abuse potassium deficiency may potentiate the action of cardiac glycosides and may affect the action of antidysrhythmic agents.
Potassium loss may be aggravated in combination with certain medicines e.g. which increase the urine output (diuretics), cortisone and cortisone-like substances (adrenocortical steroids) and liquorice root.
Intestinal absorption of medicines taken at the same time may be delayed or reduced.
In insulin-dependent diabetics it may be necessary to reduce the insulin dose.

**PREGNANCY AND LACTATION**
**Pregnancy**
During the first three months of pregnancy, **Agiolax®** should be used only if constipation cannot be remedied by a change in diet or with the aid of bulking agents. It should only be used after consultation with a medical practitioner.

**Lactation**
Breakdown products of senna pods, such as rhein have a laxative action and pass in small amounts into the maternal milk.

**DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE**
The granules should be swallowed with a full glass of liquid (preferably water).
The granules should not be chewed or dissolved, but swallowed whole.

**Adults and children 12 years and older:**
**(5 g granules = 7 ml = approximately 1 heaped medicine measure.)**
5 g to 10 g (half to one sachet) after the evening meal. If necessary the same dose should be taken before breakfast.

**Note for diabetics:**
5 g of **Agiolax®** contains approximately 1,05 g sucrose.

**SIDE EFFECTS AND SPECIAL PRECAUTIONS**
**Side effects**
Very rare (< 0,01 %): Hypersensitivity reactions to Plantago ovata, oesophageal obstructions, spasmodic gastrointestinal complaints such as colic or cramps can be caused by senna, and reversible pseudomelanosis coli following chronic use, which, as a rule, recedes after discontinuation of the preparation.

**Special Precautions**
**Agiolax®** should be taken with adequate liquid to prevent faecal impaction and oesophageal obstruction. **Agiolax®** lowers the transit time through the gut and could interfere with the absorption of other substances. Bulk laxatives increase flatulence and distension.
Prolonged use or overdosage can result in diarrhoea with excessive loss of water and electrolytes, particularly potassium. Potassium loss can produce disorders of cardiac function and myasthenia, in particular when cardiac glycosides, diuretics and adrenocortical steroids are taken concurrently.
In the case of chronic use, albuminuria and haematuria can occur. There is also the possibility of developing an atonic non-functioning colon.
Anthraquinone derivatives may colour the urine yellowish-brown at acid pH, and red at alkaline pH, and may interfere with diagnostic tests.
Patients with inflammatory bowel disease must be monitored.

**KNOWN SYMPTOMS OF OVERDOSAGE AND PARTICULARS OF ITS TREATMENT**
Treatment is symptomatic and supportive.

**IDENTIFICATION**
Small-grained, medium brown granules with an aromatic odour.

**PRESENTATION**
Containers of 100 g, 250 g, 400 g and 1000 g and packs of 4 x 10 g or 30 x 10 g sachets.

**STORAGE INSTRUCTIONS**
Store at or below 25 °C. Keep container tightly closed.
**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN**

**REGISTRATION NUMBER**
E/11.5/0988

**NAME AND BUSINESS ADDRESS OF THE HOLDER OF THE CERTIFICATE OF REGISTRATION**
**XIXIA PHARMACEUTICALS (PTY) LTD**
4 Brewery Street, Isando, Kempton Park, 1600
Republic of South Africa

**DATE OF PUBLICATION OF THE PACKAGE INSERT**
02 March 2012

Namibia Reg. No.: 90/11.5/00508

The granules should not be chewed or dissolved, but should be swallowed whole with plenty of liquid.

Mylan
www.mylansa.co.za

**PASIËNTINLIGTINGSTUK**

# AGIOLAX®

**Lees hierdie hele inligtingstuk versigtig omdat dit belangrike inligting vir jou bevat**
**Agiolax®** is sonder 'n dokter se voorskrif beskikbaar sodat jy 'n ligte siekte daarmee kan behandel. Desnieteenstaande moet jy **Agiolax®** versigtig gebruik om die beste resultate daarvan te verkry.
- Hou hierdie inligtingstuk. Jy mag dit moontlik weer moet lees
- Vra jou apteker indien jy meer inligting of advies nodig het
- Jy moet 'n dokter raadpleeg indien jou simptome vererger, of na 7 dae nie verbeter nie.

**SKEDULERINGSTATUS** S0

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM**
**AGIOLAX®** (korrels)

**WAT AGIOLAX® BEVAT**
Die aktiewe stowwe in 5 g van die korrels is:

| | |
|---|---|
| Plantago ovata sade | 2,60 g |
| Ispaghula doppe | 0,11 g |
| Tinnevelly senna-peule | 0,34 g - 0,66 g (gelykstaande aan 15 mg sennosied-B) |

Die ander bestanddele is: Talk, akasia, ysteroksides, paraffien, aromatiese middels
Bevat suiker: sukrose (ongeveer 1,05 g ekwivalent aan 0,09 broodeenhede).

**WAARVOOR AGIOLAX® GEBRUIK WORD**
**Agiolax** is vir die verligting van hardlywigheid aangedui.

**VOORDAT JY AGIOLAX® GEBRUIK**
**Moenie Agiolax® gebruik nie:**
- Indien jy vir enige van die bestanddele hipersensitief (allergies) is
- Indien jy 'n abnormale vernouing in die maag en ingewande het, of as jy sluk-, of keel probleme het
- Indien jy enige maag probleme ondervind.

**Neem spesiale sorg met Agiolax®:**
- Indien jy maagpyn, naarheid of braking ondervind
- Indien jy 'n abnormale vernouing in die maag of ingewande het, of as jy probleme met sluk of keelprobleme het
- Indien jy 'n verandering in ontlasting gehad het wat langer as twee weke aangehou het
- Indien jy 'n diabeet is
- Indien jy na die gebruik van **Agiolax®** rektale bloeding het
- Indien jy na die gebruik van **Agiolax®** nie in staat is om 'n ontlasting te hê nie
- Indien jy aan ernstige water- en elektrolietverliese ly.

Enige inname van stimulerende lakseermiddels vir lang periodes kan dermtraagheid vererger; **Agiolax®** behoort alleenlik gebruik te word indien geen effektiewe behandeling bereik kan word deur die dieet te verander of deur preparate met 'n hoë massavolume te gebruik nie.

**Swangerskap en borsvoeding:**
Tydens die eerste drie maande van swangerskap, behoort **Agiolax®** alleenlik gebruik te word indien hardlywigheid nie deur 'n verandering in die dieet of met die hulp van vulstofmiddels reggestel kan word nie. Dit behoort dus slegs na konsultasie met 'n gesondheidsorgdeskundige gebruik te word.
*Nota:* Die afbraakprodukte van senna-peule het 'n lakseerwerking en klein hoeveelhede daarvan word na die moeder se melk oorgedra.

**Neem van ander medisyne saam met Agiolax®:**
In gevalle van langtermyn gebruik of oordosering, mag 'n gebrek aan kalium die werking van medisyne, wat vir hartprobleme geneem word, affekteer. 'n Verlies aan kalium mag vererger word deur **Agiolax®** te kombineer met sekere medisyne soos dié wat urienproduksie verhoog, kortisoon en kortisoon-agtige stowwe, en soethoutwortel. Intestinale absorpsie van ander medisyne, wat gelyktydig geneem word, mag verminder of vertraag word.
By insulien-afhanklike diabete mag dit nodig wees om die insuliendosis te verminder.

**HOE OM AGIOLAX® TE GEBRUIK**
Die korrels moet met 'n vol glas water ingesluk word. Die korrels behoort heel ingesluk te word en nie gekou of opgelos nie.

**Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van Agiolax®:**
Indien u dokter vir u gesê het dat u 'n intoleransie het vir sommige suikers, kontak u dokter voordat u **Agiolax®** neem.

**Agiolax®** bevat sukrose, wat 'n effek mag hê op die beheer van u bloedsuiker indien u diabetes mellitus het.

**Nota vir diabete:** 5 g **Agiolax®** bevat ongeveer 1,05 g sukrose.

**Hoeveel en hoe dikwels behoort jy Agiolax® te neem?**
Neem 5 tot 10 g **Agiolax®** (ongeveer een tot twee opgehoopte medisynemate) na aandete (ten minste een uur voor slapenstyd). Indien nodig, kan 5 g **Agiolax®** (ongeveer een opgehoopte medisynemaat) ook in die oggend voor ontbyt geneem word.

**Hoe lank behoort jy met die inname van Agiolax® aan te gaan?**
Stimulerende lakseermiddels moet nie vir lang periodes (meer as 1 - 2 weke) sonder mediese raad geneem word nie.

**Indien jy meer Agiolax® neem as wat jy moet:**
In 'n geval van oordosis, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien geeneen beskikbaar is, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.
In 'n geval van oordosis mag jy pynlike intestinale krampe en ernstige diarree met daaropvolgende verliese van water en minerale, ondervind. Indien jy 'n oordosis geneem het, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgdeskundige onmiddellik. Hy/sy sal besluit watter teenmaatreëls (bv. toediening van vloeistof en soute), nodig mag wees.

**MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**
**Agiolax®** behoort met baie water geneem te word om te voorkom dat 'n blokkering in die ingewande en derm vorm. 'n Oormatige hoeveelheid gas in die maag en 'n gevoel van volheid of uitsetting mag voorkom. Ligte pyne as gevolg van koliek of krampe word soms gevoel. Die urine mag 'n donker geel kleur ontwikkel.
Pasiënte met inflammatoriese dermsiekte moet **Agiolax®** slegs onder die sorg van 'n gesondheidsorgdeskundige gebruik.
In gevalle van langtermyn gebruik, mag diarree met 'n moontlike groot verlies van water en elektroliete, veral kalium, voorkom.
Soms mag 'n oormatige sensitiwiteit teenoor Plantago ovata voorkom.
Nie alle newe-effekte wat vir **Agiolax®** aangemeld is, word in hierdie inligtingstuk ingesluit nie.
Indien jou algemene gesondheid sou agteruitgaan terwyl **Agiolax®** geneem word, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies.

**BERGING EN WEGDOENING VAN AGIOLAX®**
**HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS**
Moenie hierdie medisyne na die vervaldatum wat op die houer gedruk is, gebruik nie. Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is, met ander persone deel nie.
Bewaar teen of benede 25 °C. Die houer moet dig gesluit gehou word.

**Wegdoening van hierdie medisyne:**
Gee alle ongebruikte medisyne terug aan jou apteker.

**AANBIEDING VAN AGIOLAX®**
Houers van 100 g, 250 g, 400 g & 1000 g en pakke van 4 x 10 g of 30 x 10 g sakkies.

**IDENTIFIKASIE VAN AGIOLAX®**
Klein gekorrelde, medium bruin korrels met 'n aromatiese geur.

**REGISTRASIENOMMER**
E/11.5/0988

**NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER**
**XIXIA PHARMACEUTICALS (PTY) LTD**
4 Brewery Street, Isando, Kempton Park, 1600, Republiek van Suid-Afrika

**DATUM VAN PUBLIKASIE**
02 Maart 2012

Namibië Reg. Nr.: 90/11.5/00508



Die korrels behoort nie gekou of opgelos te word nie, maar moet heel, met baie vloeistof, ingesluk word.

www.mylansa.co.za

**PROFESSIONELE INFORMASIE**

# AGIOLAX®

**SKEDULERINGSTATUS** S0

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM**
**AGIOLAX®** (korrels)

**SAMESTELLING**
5 g korrels bevat:

| | |
|---|---|
| Sade van Plantago ovata | 2,60 g |
| Ispaghula doppe | 0,11 g |
| Tinnevelly senna-peule | 0,34 g - 0,66 g (gelykstaande aan 15 mg sennosied-B) |

Onaktiewe bestanddele sluit in:
Talk, akasia, ysteroksides, paraffien, aromatiese middels
Bevat suiker: sukrose (ongeveer 1,05 g ekwivalent aan 0,09 broodeenhede).
**5 g korrels = 7 ml = ongeveer 1 opgehoopte medisynemaat**

**FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE**
A. 11.5 Lakseermiddels

**FARMAKOLOGIESE WERKING**
'n Kenmerk van **Agiolax®** is dat sy werkingsmetode beide massavormende eienskappe en 'n stimulerende effek insluit. Die massavormende eienskappe van Plantago ovata en Ispaghula doppe vermeerder die massa- en waterinhoud van die stoelgang, waardeur beweging deur die kolon versnel word. Die stimulerende effek van Senna werk op die dermwand om die peristaltiese bewegings van die kolon te vermeerder.

**INDIKASIES**
Vir die verligting van hardlywigheid.

**KONTRA-INDIKASIES**
Hipersensitiwiteit teenoor die bestanddele. Intestinale obstruksie, of toestande wat geneig is om tot intestinale obstruksies te lei. Ongediagnoseerde abdominale simptome.

**WAARSKUWINGS**
**Agiolax®** behoort nie gebruik te word indien daar abdominale pyn, naarheid en braking teenwoordig is nie. Lakseermiddels behoort nie deur pasiënte met intestinale obstruksie of met ongediagnoseerde abdominale simptome geneem te word nie.
Indien 'n verandering in ontlasting voorkom en vir langer as twee weke aanhou, behoort 'n mediese praktisyn geraadpleeg te word om die oorsaak vas te stel.
Rektale bloeding of onvermoë om te ontlas na die gebruik van 'n lakseermiddel, mag 'n ernstige toestand aandui. Staak gebruik en raadpleeg 'n mediese praktisyn.
Onvoldoende vloeistofinname mag obstruksie van die derm veroorsaak.
Bevat sukrose. Pasiënte met seldsame oorerflike probleme soos fruktose intoleransie, glukose-galaktose wanabsorpsie of sukrase-isomaltase ontoereikendheid, moet nie **Agiolax®** neem nie.
Bevat sukrose, wat 'n effek mag hê op die glisemiese beheer van pasiënte met diabetes mellitus.

**INTERAKSIES**
In gevalle van chroniese gebruik/misbruik mag kaliumgebrek die werking van kardiale glikosiede potensieer en die werking van antidisritmiese middels affekteer.
Verlies van kalium mag in kombinasie met sekere medisyne, bv. diuretika, kortisoon en kortisoon-agtige stowwe (adrenokortikale steroïede) en soetwortel, vererger word.
Intestinale absorpsie van medisyne wat gelyktydig geneem word, mag vertraag of verminder word. By insulien-afhanklike diabete mag dit nodig wees om die insulien dosis te verminder.

**SWANGERSKAP EN LAKTASIE**
**Swangerskap**
Tydens die eerste drie maande van swangerskap, behoort **Agiolax®** slegs gebruik te word indien hardlywigheid nie deur 'n verandering in dieet of met behulp van massavormende middels herstel kan word nie. Dit behoort slegs na konsultasie met 'n mediese praktisyn, gebruik te word.

**Laktasie**
Afbraakprodukte van senna-peule, soos rhein het 'n lakseringswerking en klein hoeveelhedeword na die moeder se melk oorgedra.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**
Die korrels behoort met 'n vol glas vloeistof (verkieslik water) ingesluk te word. Die korrels behoort heel ingesluk te word en nie gekou of opgelos nie.
**Volwassenes en kinders van 12 jaar en ouer:**
**(5 g korrels = 7 ml = ongeveer 1 opgehoopte medisynemaat.)**
5 g tot 10 g ('n halwe tot een sakkie) na aandete. Indien nodig kan dieselfde dosis voor ontbyt geneem word.
**Nota aan diabete:** 5 g **Agiolax®** bevat ongeveer 1,05 g sukrose.

**NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:**
**Newe-effekte**
Baie seldsaam (< 0,01 %): Hipersensitiwiteitsreaksies teenoor Plantago ovata, esofageale obstruksies, spasmodiese gastroïntestinale klagtes soos koliek of krampe kan deur senna veroorsaak word, en omkeerbare pseudomelanosis coli na chroniese gebruik, wat gewoonlik na staking van die preparaat afneem.

**Spesiale Voorsorgmaatreëls**
**Agiolax®** behoort met genoegsame vloeistof geneem te word om fekale impaksie en esofageale obstruksie te voorkom. **Agiolax®** verminder die deurgang deur die derm en kan moontlik inmeng met die absorpsie van ander stowwe. Massavormende lakseermiddels vermeerder winde en uitsetting.
Verlengde gebruik of oordosering kan diarree veroorsaak met oormatige verlies van water en elektroliete, veral kalium. Verlies van kalium kan versteurings van hartfunksie en miastenie veroorsaak, veral indien kardiale glikosiede, diuretika en adrenokortikale steroïede gelyktydig geneem word. In die geval van chroniese gebruik, kan albuminurie en hematurie voorkom. Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat 'n atoniese nie-funksionerende kolon mag ontwikkel.
Antrakinoon-derivate mag die urine by 'n suur pH geel-bruin verkleur, en by 'n alkaliese pH rooi verkleur, en mag met diagnostiese toetse inmeng.
Pasiënte met inflammatoriese dermsiekte moet gemoniteer word.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN**
Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

**IDENTIFIKASIE**
Klein gekorrelde, medium bruin korrels met 'n aromatiese geur.

**AANBIEDING**
Houers van 100 g, 250 g, 400 g & 1000 g en pakke van 4 x 10 g of 30 x 10 g sakkies.

**BEWARINGSINSTRUKSIES**
Bewaar teen of benede 25 °C. Die houer moet dig gesluit gehou word.
**HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS**

**REGISTRASIENOMMER**
E/11.5/0988

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:**
**XIXIA PHARMACEUTICALS (PTY) LTD**
4 Brewery Street, Isando, Kempton Park, 1600
Republiek van Suid-Afrika

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET**
02 Maart 2012

www.mylansa.co.za

Namibië Reg. Nr.: 90/11.5/00508



Die korrels behoort nie gekou of opgelos te word nie, maar moet heel, met baie vloeistof, ingesluk word.

56ZA2149261-00 / 902782